*Maandag* **11 Augustus**

**Skrifgedeelte: Psalm 121:1-8 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Psalm 121:2, 8**
**Wanneer ek die berge sien, wéét ek dat die Een wat die berge gemaak het my beskerm en bewaar!**

My hulp kom nie van die berge of die hemel of die aarde af nie. Sou dit so wees, sou dit niks anders as afgodery wees nie. Ons lees so ietsie van bygelowigheid in hierdie reisigerslied. Op reis na Jerusalem moes die pelgrims deur woestyne en oor berge reis om hulle tempelfeeste in die teenwoordigheid van God te gaan vier. Vanweë die hitte in die woestyn het hulle letterlik sonsteek opgedoen. Snags het hulle daarvan koors ontwikkel en geglo dat dit die maan is wat hulle siek gemaak het ...

Die berge was opsigself ’n uitdaging. Rowers en wilde diere het hulle dikwels aangeval. Daarom ook die versugting: “Waar sal my hulp vandaan kom?” Dan die openhartige belydenis dat hulle hulp nie van die berge af kom nie! *“My hulp is van die Here, (van Hom) wat hemel en aarde (die berge en die son en die maan) gemaak het.”*

Hierdie lewensreisigers reis, juigend, met die Here aan hulle sy. Die digter noem die Bewaarder en Beskermer “is jou skaduwee aan jou regterhand”. ’n Skaduwee is iets wat – al is ons nie altyd daarvan bewus nie – altyd by ons is. Om ’n skaduwee te kan sien, moet daar ’n lig wees sodat mens die skaduwee kan sien. Ons Here Jesus sê Self vir ons in Johannes 8:12: *“Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”* En *aan jou regterhand* het hier ’n militêre betekenis – jy is oop en onbeskermd. Daarom is die Here langs jou, by jou, om jou en ook IN jou!

Wanneer ek die berge sien, wéét ek dat die Een wat die berge gemaak het my beskerm en bewaar! Wanneer ek opkyk, weet ek my Here is met my – tot in alle ewigheid.

*Sing: Psalm 89-1:6, 14*
*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (George)*